Hoe om persepsies te verander – beplan ‘n ruimtereis!

Plaas kinders in ander mense se skoene (pet in hierdie geval) en laat hulle ervaar hoe dit voel.

Elke kind stel iemand voor deur ‘n hoedjie op te sit. Die hoedjie sê watter tipe persoon dit is en hoe mense gewoonlik teenoor sulke mense optree. Die kind self weet egter nie wat op sy hoedjie staan nie, maar moet voel hoe dit voel en daaruit probeer aflaai wie hy/sy voorstel.

Hoedjie voorbeelde:

Persoon	Instruksies vir optrede teenoor so ‘n persoon
Dom persoon (of iemand wat nie in die groep inpas nie)	Lag my voorstelle af. Kraak my af.
Arm persoon (of iemand met minder kwalifikasies)	Ignoreer my heeltemal.
Ouerige Afrikaner man	Gehoorsaam my altyd.
Voorheen benadeelde persoon (anderskleurige of vrou)	Vra my opinie omdat jy moet, maar steur jou nie daaraan nie.
Gestremde persoon	Moenie oogkontak maak nie. Bied hulp aan. Laat my hulpeloos voel.
Kenner (of slim persoon)	Vra altyd my opinie oor ‘n saak en vertel my hoe goed ek is.

Met hiedie oefening kruip die skaam outjie wat nou die ‘kenner’ is skielik uit sy dop uit en die ekstrovert bly self stil!

? Stappe

1. Kry een pet vir elke spanlid en maak ‘n kaartjie wat op die pet vasgespeld word. Die kaartjie sê watter tipe persoon dit is en hoe die spanlede teenoor hierdie persoon moet optree. (Sien voorbeelde hierbo.)
2. Besluit vooraf watter spanlid kry watter pet.
3. Deel self die pette uit sodat die spanlid nie kan sien wat op sy eie pet staan nie.
4. Almal sit in ‘n kring. Verduidelik aan almal dat hulle moet optree teenoor hulle spanlede soos die pette hulle beveel, maar dat hulle nie die ander direk mag laat agterkom wat op sy/haar pet staan nie.
5. As span (elkeen met sy pet op en nuwe ‘identiteit’), beplan nou iets soos ‘n ruimtereis.
6. Na afloop van die beplanning (so 20 minute of meer), laat elke spanlid om die beurt vertel hoe dit hom laat voel het en raai wat op sy pet staan. Daarna mag hy/sy sy/haar pet afhaal en daarna kyk.
7. Bespreek wat is stereotipes. Bespreek ook hoe mense later begin optree soos wat daar vir hulle weens persepsies ‘voorgeskryf’ word en nie noodwendig soos hulle is nie! Is die ‘wilde’ kinders in die skool werklik wild of net omdat dit ‘van hulle verwag word’? Ens.

☺ Wenke

1. Besluit vooraf watter spanlid kry watter pet. Probeer om vir elke spanlid ‘n teenoorgestelde pet te gee. Bv. moenie vir die dommerige outjie die dom hoedjie gee nie, gee dit vir die slim ekstrovert in die span!
2. As offisier sal jy moet deelneem aan die bespreking om die spanlede aan die gang te kry en voorbeelde te stel oor hoe hulle teenoor die ander moet optree.
3. Hierdie aktiwiteit is meer geskik vir Verkenners en ouer Penkop- en Drawwertjiespanne.

☠ Waarskuwings

1. Wees bewus van spanlede se eie en gesinsomstandighede en hanteer sulke ‘persepsies’ BAIE versigtig!